CCTC

COMMISSION ON REGIONS

REF: 1/11/20 /52


MUNISIPALITEIT
**JOUBERTINA**

MUNICIPALITY
**JOUBERTINA**

Telefoon/Telephone 0427-31337/32424
Faks 31220

Posbus/P.O. Box 14
Joubertina
6410


FRUCTU NOSCITUR

Verw./Ref. No

## FAX BOODSKAP/MESSAGE

Datum: 2-09-93
Date:

Hoeveelheid bladsye: 15
Number of pages:

Aan: Naam van persoon: Prof Phillip Smit
To: Name of person:

Van: Ons verwysing: Bepaling van Streekgrense
From: Our reference:

Boodskap: Om 'n afspraak te Kaapstad
Message: te reël (Verwysing Burger van 31 Augustus 199

Dankie

P.J. VENTER

MUNISIPALITEIT
**JOUBERTINA**

MUNICIPALITY
**JOUBERTINA**

Telefoon/Telephone 0427-31337/32424

Posbus/P.O. Box 14
Joubertina
6410

Verw./Ref. No.

2/17/1

2 September 1993

**Aandag: Prof Phillip Smit**

Kommissie vir afbakening
van Streekgrense
Kempton Park

Professor

**BEPALING VAN STREEKGRENSE**

Na aanleiding van die berig in die Burger van 31 Augustus 1993 oor bogemelde aangeleentheid, word weereens beswaar aangeteken dat die Langkloofstreek in twee gedeel ondanks al die vorige vertoë wat gerig is.

Die Standpunt van die Langkloof Gemeenskap ten opsigte van die Streekindeling is deeglik getoets, twee en twintig organisasies was gevra om hul kommentaar oor die aangeleentheid te lewer. Almal het saamgestem en gevra om by die Wes-Kaap streek ingedeel te word en die Streek as eenheid te behou.

U word vriendelik dog dringend gevra om 'n kontak persoon in Kaapstad se naam en telefoonnommer aan die kantoor beskikbaar te stel, sodat 'n afspraak gereël kan word om die Gemeenskap se saak weer te kan stel en die opgestelde verslae te kan voorlê.

'n Afskrif van die voorlegging van die Langkloof Grens afbakeningskomitee oor die toekomstige indeling van die Landdrosdistrik van Joubertina in 'n nuwe grondwetlike bedeling asook die lys van instansies wat hul verslae ingedien het, word aan u voorsien.

Die uwe

**STADSKLERK**


52/2

# STANDPUNT VAN LANGKLOOF GEMEENSKAP

# TEN OPSIGTE VAN STREEKSINDELING

# WES-KAAP VERSUS OOS-KAAP

52/3




05-AUG-1993 14:49 FROM UNIFRUCO 27 21 9461967 TO 0427S123

ULTIP NEG PROCESS : 5- 8-93 : 10:31 : MULTIP NEG PROCESS-

05.08.93 14:02 P.003

011 618 2078:# 2

52/4

**VOORLEGGING VAN DIE LANGKLOOF GRENSAFBAKENINGSKOMITEE OOR DIE TOEKOMSTIGE INDELING VAN DIE LANDDROSDISTRIK VAN JOUBERTINA IN 'N NUWE GRONDWETLIKE BEDELING**

A. **INLEIDING:**

Na aanleiding van verskeie kaarte wat deur politieke partye op die tafel geplaas word, kan daar met redelike sekerheid afgelei word dat in die proses van streeksafbakening die Langkloof as streek in twee gedeel gaan word. Die grens word getrek op die Landdrosdistriksgrens tussen Uniondale en Joubertina. So 'n stap is uiteraard vir die inwoners van Langkloof onaanvaarbaar omdat die Langkloofstreek 'n eenheid vorm, onafskeidbaar van mekaar.

Hierdie voorlegging kan dus direk verbind word met die vrese van die Langkloof gemeenskap en word daar dan gepoog om 'n werkstuk te lewer wat die wense en ideale van die gemeenskap aan die Afbakeningskommissie sal oordra.

Hierdie werkstuk bestaan uit twee afdelings, 'n saamgevatte afdeling wat onder verskillende hoofde behandel word en as aanhangsels word die menings en vertoë van die organisasies in die streek dan aangeheg. As al die organisasies wat deel gehad het aan hierdie voorlegging in ag geneem word, kan daar met sekerheid aanvaar word dat hierdie werkstuk die mening van die totale gemeenskap weerspieël.

2/...

52/5

B. **GEOGRAFIES**

Die Langkloofstreek word gesien as 'n lang nou kloof, begrens deur twee bergreekse. Die Tzitzikammabergreeks vorm die suidelike grens en die Kouga bergreeks begrens die noordelike grens. Toegangsweë tot die Langkloof is beperk tot 'n oostelike en westelike toegangsweg, wat meebring dat die streek geïsoleerd en op homself aangewese is. Onderlinge samewerking in die streek is dus van groot belang.

Die Langkloofvallei strek oor die twee landdrosdistrikte Uniondale en Joubertina. Die distriksgrens wat dan ook die streeksgrens sal wees, sny in die hart van die Langkloof deur en verdeel sodoende die gebied se onderlinge krag in twee.

Soos later in die werkstuk duidelik sal word, gaan die argument oor die aansnyding van Joubertina landdrosdistrik aan die Wes-Kaap. Joubertina landdrosdistrik strek oor +- 800 vierkante kilometer en die afstand tussen die westelike grens en die oostelike grens is 53 kilometer. In die geheel gesien kan die aansnyding van Joubertina by die Wes-Kaap nie groot implikasies inhou op nasionale vlak nie en sal dit kostebesparend inwerk as in ag geneem word hoeveel dienste van staatsdepartemente alreeds vanaf die Wes-Kaap gelewer word.

3/...

C. **GESKIEDKUNDIG:**

Die Joubertina streek het oorspronklik deel uitgemaak van die Nederduits Gereformeerde Kerk gemeente van Uniondale en dus ook van die landdrosdistrik van Uniondale. Die dorp Uniondale was dan ook die setel van die destydse Afdelingsraad.

In 1911 het Joubertina afgestig van Uniondale en sy eie N.G. Kerk gemeente gevorm. In die laat veertigerjare het Joubertina sy eie landdrosdistrik gekry en soos reeds genoem loop die grens ten weste van Misgund.

In 1976 het Uniondale as setel van die Afdelingsraad verval en is beide landdrosdistrikte van Joubertina en Uniondale ingedeel onder die Afdelingsraad van Oudtshoorn, die huidige Klein-Karoo Streeksdiensteraad. Hierdie Raad verskaf nog huidiglik die raadsdienste aan die Joubertina gebied.

D. **BEVOLKING:**

Die totale bevolking van Joubertina landdrosdistrik is 13385 en kan as volg ingedeel word:


| | | |
|---|---|---|
| Kleurling | : | 9353 |
| Swart | : | 2200 |
| Blank | : | 1801 |
| Asiërs | : | 31 |
| Totaal | : | 13385 |

52/7

Die meeste werksgeleenthede word geskep in die boerdery of boerderyverwante bedrywe. Arbeiders op 'n vrugteplaas moet opgelei word in die nuutste boerdery metodes en beskik daarom oor 'n hoë vlak van kundigheid.

Dit moet gemeld word dat 80% van die swart bevolking in die streek gebore en opgegroei het en daarom nie meer nouer kultuurbande met die tradisionele swartes handhaaf nie. Van die swart bevolking kan 80% dan ook nie meer Xhosa taal praat nie. Hierdie Swartes het in 'n groot mate die Kleurling kultuur aangeneem. In onderlinge gesprekke met die Swartes is dit vir die komitee baie duidelik dat bykans 100% van die Swartes hul aangetrokke voel tot die indeel van hierdie streek by die Wes-Kaap.

BEVOLKINGSAMESTELLING:
**Joubertina Landdrosdistrik**




52/8

E. **EKONOMIES:**

**Streeksekonomie:**

Die ekonomie in hierdie streek is baie nou gekoppel aan die landbou. Slegs landbouverwante industrieë kom in hierdie gebied voor. Die ekonomiese vooruitgang in hierdie streek hou dus nou verband met nuwe tegnologiese metodes wat toegepas moet word om die verwerende effek wat wisselende markpryse en onsekere weerstoestande veroorsaak teen te werk. Hierdie tegnologiese kennis word verkry deur navorsing en die uitruil van kennis deur die boere van die streek.

Daar word met reg gevrees dat indien Joubertina landdrosdistrik afgesny sou word van die hart van die vrugtebedryf wat in die Wes-Kaap gesetel is, dit verrykende implikasies vir hierdie streek kan inhou. Hierdie streek sal ekonomies stagneer en stadig doodbloei, wat op sy beurt weer die ongewenste verstedelikingsproses sal aanhelp.

**Nasionale ekonomie:**

Indien die streek ingedeel word by die Wes-Kaap sal dit kostebesparend wees vir die staat as in ag geneem word hoeveel dienste reeds deur staatsdepartemente vanaf die Wes-Kaap hier gelewer word. Omskakeling kos geld en bring ontwrigting mee.

6/...

F. **LANDBOU EN NAVORSING:**

Die Langkloofvallei is by uitstek 'n sagtevrugte produserende streek. 'n Winterreënval klimaat maak hierdie streek uiters geskik vir die verbouiing van sagtevrugte. Vrugteproduksie vereis egter wetenskaplike metodes en voortdurende navorsing wat deurlopende aanpassings verg van die produsente. Hierdie uiters noodsaaklike navorsing word in die Wes-Kaap deur Infretec en Bien Donne proefplaas te Stellenbosch behartig. 'n Satelietproefplaas is in hierdie area geleë wat nuwe metodes onder plaaslike omstandighede monitor. Voorligtingaksies aan produsente word deur die Winterstreek kantore te Elsenburg Landboukollege geinisieer. Unifruco wat eenkanaalbemarking van vrugte behartig is gesetel te Fleur du Cap, Belville. Opskorting of selfs 'n geringe afskaling van hierdie belangrike dienste kan verreikende implikasies vir hierdie streek inhou.

Verdere landboukundige skakeling met die Wes-Kaap hou ondermeer in, melklewering aan Ladismith en die toenemende volstruisbedryf met die Klein Karoo Landbou Koöperasie te Oudtshoorn. Die plaaslike G.O.V. kantore skakel ook met Wes-Kaap.

Droëvrugte en inmaakprodusente se kanaal van bemarking en regstreekse voorligting is afkomstig uit die Wes-Kaap gebied.

Met bogemelde feite in gedagte word daar dus vanuit die landbousektor 'n ernstige beroep gedoen op die Afbakeningskommissie om hierdie distrik by die Wes-Kaap aan te sny.

7/...

G. **DIENSTE:**

Verskeie staatsdepartemente lewer vanaf die Wes-Kaap dienste aan hierdie streek. Hierdie departemente sluit onder meer in:

(a) Onderwys en Opleiding;

(b) Veiligheid: Die S.A. Polisie resorteer onder die DK van Oudtshoorn. Langkloof Kommando is vanaf 1990 ingedeel by Kommandement W.P.

(c) Gesondheidsdienste word vanaf George en Oudtshoorn aan die gebied verskaf.

(d) Streeksdiensteraad te Oudtshoorn verskaf ook dienste aan twee Kleurlingwoonbuurte te Krakeelrivier en Louterwater.

H. **TAAL EN KULTUUR:**

Die kultuurbande met die Wes-Kaap loop sterk deur tot in hierdie streek. Afrikaans is oorweldigend die spreektaal van die grootste persentasie van die bevolking. Engels en Xhosa word deur 'n baie klein persentasie van die bevolking gebruik as hul spreektaal.

8/...

Taal en kultuurbande is een van dié grootste komponente wat mense nader aan mekaar gaan bring. Hierdie lank gekoesterde ideaal kan makliker verwesentlik word indien die kultuurbande van die gemeenskap in gedagte gehou en eerbiedig word.

I. **GODSDIENSTIG:**

Omdat sekere kerkgenootskappe huiwerig is om hul hand op skrif te stel, kan die komitee nogtans die logiese afleiding maak dat gesien in die lig van die wye dekking van organisasies, die gemeentelede van die kerkorganisasies wel positief staan teenoor 'n westelike indeling van die streek. Die N.G. Kerkfamilies word wel bedien vanaf die Oos-Kaapse sinode, maar sonder groot koste kan hierdie streek dan oorgeplaas word na die Wes-Kaap sinode.

J. **POLITIES:**

Polities resorteer hierdie streek onder die kiesafdeling van Oudtshoorn en word dus ook vanaf die Wes-Kaap bedryf. Hierdie komitee glo egter dat 'n totale nuwe politieke stelsel in die vooruitsig gestel word met 'n nuwe afbakening van stemdistrikte. Huidiglik is daar 'n noue skakeling wat betref partypolitiek tussen die westelike en oostelike dele van die Langkloof. Sommige politieke partye se magsbasis strek oor die totale Langkloof en een bestuur wat verteenwoordigend is van die streek word dan saamgestel.

9/...

K. **INTERSTREEK VERBONDENHEID:**

Die twee landdrosdistrikte van Uniondale en Joubertina is aangewese op mekaar in baie opsigte. Op ekonomiese gebied onderskraag hierdie twee distrikte mekaar deur wedersyds betrokke te wees in mekaar se wel en wee. Onderlinge ondersteuning maak dit moontlik dat beplande projekte op 'n winsgewende basis afgehandel kan word. Die sakesektor het kliënte of satelietkantore in beide distrikte. 'n Verdeling van die streek kan dus beteken dat die sakesektor se mark in albei gevalle drasties ingekort kan word.

Op sportgebied bestaan daar baie nou bande tussen die twee gemeenskappe. Landboukundig is die twee streke onlosmaaklik van mekaar, en op kulturele gebied ondersteun hierdie twee streke mekaar baie goed. In die geheel is dit ondenkbaar dat hierdie streek in twee gedeel gaan word. Die verskil in bestuur van die Wes-Kaapstreek aan die eenkant en die Oos-Kaapstreek aan die anderkant kan onnodige spanning in die Langkloof tot gevolg hê. Die broodnodige samewerking sal daaronder ly, wat op sy beurt weer 'n negatiewe effek op die ekonomie kan hê.

L. **MOTIVERING:**

Ten slotte wil hierdie streek en sy mense 'n ernstige beroep doen op die Afbakeningskommissie om NIE die Langkloof in twee te deel nie. Hierdie

10/...

streek wil dus 'n ernstige beroep doen op die Afbakeningskommissie en aanbeveel dat die Joubertina landdrosdistrik ingedeel sal word onder die Wes-Kaapstreek. So 'n stap sal legio voordele inhou vir die streek en sy mense.

Met hierdie werkstuk is gepoog om alle organisasies in die streek te betrek. Die organisasies wat wel reageer het kan gesien word as verteenwoordigend van die streek. Die komitee glo dus hierdie werkstuk weerspieël die gevoel van die totale bevolking van die streek. Die gemeenskap van die Langkloof vra dus in geen onduidelike taal dat die Afbakeningskommissie die Joubertina landdrosdistrik sal aansny by die Wes-Kaap.

Indien daar nog enige onduidelikheid in die verband by die Kommissie bestaan word hulle uitgenooi om die gebied te besoek vir ondervraging en besigtiging. Indien van die Kommissie verlang sal daar op Plaaslike vlak 'n meningspeiling (referendum) plaasvind.

GETEKEN TE JOUBERTINA OP 19 AUGUSTUS 1993.

SEKRETARIS

VOORSITTER

52/14

**VERSLAE VAN VERSKILLENDE ORGANISASIES VAN DIE LANDDROSDISTRIK JOUBERTINA SOOS VIR DIE LANGKLOOF GRENSAFBAKENINGS KOMITEE INGEDIEN:**

AANHANGSEL A - Bestuurskomitee Ravinia
B - Munisipaliteit Joubertina
C - Landbou organisasies
D - Afrikaanse Sakekamer
E - Joubertina Burgerlike Vereniging.Civics
F - Landelike Stigting
G - Joubertina 2000
H - Langkloof Boere Koöperasie
I - Belastingbetalers Vereniging
J - Munisipaliteit Twee Riviere
K - Louterwater Bestuurskomitee
L - Joubertina Primêre Skool
M - Hoërskool McLachlan
N - Die Hoogte Primêre Skool
O - Avontuur Boerevereniging
P - Langkloof Kommando
Q - Departement Justisie
R - Langkloof Reklamevereniging
S - Round Table
T - Langkloof Buiteklub
U - Langkloof Dames Skietklub
V - Rapportryerskorps van die Langkloof

52/15